HPE27

Hoogtepunte van Europatoer met Keukenhof



DATUM	AANTAL DAE	TOERPRYS
19 April 2027 – 1 Mei 2027	13	R73,000

WISSELKOERS €1 = R19.00

ENKELBYLAAG R15,550 p.p

Bietjie anders as in die afgelope tien jaar, maar BETER! Hier is 'n paar veranderinge waarna ons toerlede kan uitsien:

- 'n Heerlike ekstra besoek aan die kusdorpie Sirmione. En meer as dit: Ons besoek ook 'n wynplaas en Italiaanse villa, waar ons 'n smakie van eg Italiaanse gasvryheid, kos én wyn as groep kan geniet!
- **Ons toerlede het gepraat en ons het geluister!** Ons het twee klein veranderinge aan ons roete gemaak, wat ons toerlede die gerief gee van meer gereeld op 'n plek vir twee nagte slaap, ipv elke dag weer inpak. Ons slaap dus nou twee aande in Colmar (heerlik sentraal, in 'n viersterhotel) en geniet die Elsasstreek ('n interessante mengsel van Franse en Duitse kultuur - juis vanweë die geskiedenis van hierdie streek so op die grens van Frankryk en Duitsland) nog meer omdat ons meer tyd hier spandeer om die streek behoorlik te ontgin.
- Ons doen aan in **Reims** om die katedraal te besoek (beslis 'n moet sien!) en 'n lekker koppie koffie te geniet, en ry dan verder na **Parys** om 'n ekstra nag hier te slaap. Dit gee ons die kans om Parys behoorlik op horings te neem. Ons bly in Parys in 'n lieflike hotelletjie in die hartjie van **Montmartre - SO sentraal dat ons spesiaal pendeldienste gebruik om by ons hotel uit te kom**!
- Ons verblyf in Nederland is gereël om **in die stadsentrum van Leiden** te wees. Ons kan nie wag om hierdie universiteitstad saam met julle te ontdek nie!
- Ons kon ook ons toerdatums so bewimpel dat ons die geleentheid het om op Donderdag, 29 April **op markdag in Gouda te wees**. Hierdie is een van die lekkerste maniere om 'n egte ervaring van die Nederlandse kultuur te kry. (Om die besoek aan Gouda in te werk, haal ons dan Amsterdam uit ons reisplan.)
- Ons besoek aan Keukenhof is dan op Vrydag, 30 April - 'n hoogtepunt op ons laaste dag wat ons vir ewig sal bybly. Ons is teen 15:00 by die lughawe vir ons aandvlug om 19:00.

LET DAAROP DAT ALLE ONTBYTE, AANDETES (OF AANDETE-SUBSIDIES) EN ALLE TOEGANGSGELDE VAN GROEPSBESOEKE OP ONS TOER NA EUROPA REEDS BY ONS PRYS INGESLUIT IS.

Reisprogram

Kom ontdek hierdie besondere toer saam met Winskoop Toere. Hieronder volg die dag-tot-dag reisprogram.



DAG 1

Ons groep vertrek vanaf O.R. Tambo Internasionale Lughawe na Europa. Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad op aanvraag beskikbaar.

DAG 2

Ons arriveer by Venesië Lughawe, (ons kry etes en drankies tydens die vlugte) waar ons luukse bus op ons wag. (Ons ry die hele tydperk met hierdie bus.)
Ons vertrek direk vir ‘n besoek aan die pragtige antieke stad Verona – vandag ‘n Wêrelderfenisgebied. Hierdie ou stad is bekend vir sy Romeinse arena uit die eerste eeu (hier word steeds konserte voor 15 000 mense op ‘n keer gehou), die eeue-oue stadsmure en die Ponte Pietra-brug (gebou in 100 v.C.).
Ons groep geniet ‘n heerlike aandete saam as groep. Ons slaap in ‘n gerieflike driesterhotel in ‘n voorstad van Verona.





DAG 3

Ons groep besoek die wonderstad op water, Venesië! Ons vaar met die boot na die ou stad, ons geniet ‘n stadstoer deur ‘n plaaslike gids, ons bewonder ‘n meesterlike glasblaser en ons stap lekker hier rond in ons vrye tyd. Ons vaar laatmiddag weer met die boot terug na ons bus. Wat ‘n opwindende dag!
Ons eet vanaand in ‘n gesellige restaurant en slaap weer in dieselfde hotel buite Verona.

DAG 4

Ons vertrek vanoggend na Sirmione, omring deur die Gardameer. Ons besoek die Scaligerkasteel saam in twee groepe. Hierna het ons almal vrye tyd om die dorpie te verken.
Na Sirmione besoek ons die wynplaas Corte Anna vir ‘n wynproe en eg tradisionele Italiaanse ete.
Die aanskoulike Lago di Como is ons volgende bestemming. Toerlede ontvang ‘n €20 subsidie vir aandete. Ons slaap in ‘n gerieflike hotel in Como se stadsentrum.





DAG 5

Ons ry vandag deur ‘n pragtige natuurgebied Switserland toe vir ‘n verruklike dag in Luzern. Die groot Pilatusbergspits val mens eerste op, en die wonderskone Luzernmeer nooi jou uit vir ‘n onvergeetlike bootvaart. Eers gaan ons na die standbeeld van die gewonde leeu kyk, en daarna na die eeue-oue stadsmuur en Kapelbrug. Die toergroep geniet dan ‘n heerlike bootvaart op die meer.
Stop gerus ook by die Schwanenplatz “”Chocolate World”” met hulle sjokolade waterval.
Later vanmiddag sit ons ons reis voort na die Franse grens. Ons slaap die volgende twee aande oor in Colmar, Frankryk.

DAG 6

Na ‘n smaaklike ontbyt, stap ons rustig rond in die skilderagtige Colmar met sy pragtige vakwerk-huisies.
Vanmiddag geniet ons die baie besonderse middeleeuse dorpie, Riquewihr, waar alles lyk of die tyd eeue lank stilgestaan het.
Ons spandeer nog die aand heerlik in Colmar. Elke toerlid ontvang ‘n aandetesubsidie van €20.





DAG 7

Vandag ry ons groep diep die Franse platteland binne en geniet die unieke natuurskoon van hierdie streek. Ons besoek Reims en verken die majestueuse Notre-Dame-katedraal, waar talle Franse konings gekroon is.
Dan ry ons verder na Parys!
Ons bly die volgende twee nagte in die hartjie van Montmartre. Ons geniet ‘n heerlike aandete saam as groep naby die gewilde Place du Tertre.

DAG 8

Vanoggend skop ons af met ‘n stadstoer onder leiding van ‘n plaaslike gids wat ons met die bus in die stad rondneem en meer vertel oor Parys se interessante geskiedenis. Ons het die res van die dag vrye tyd om Parys beter te leer ken!
Vanaand kan jy die unieke kunstenaarsgebied Montmartre verder verken en die pragtige beligte Sacre Coeur bewonder. Elkeen kry ‘n aandetesubsidie van €20.





DAG 9

Ons vertrek vanoggend na Brugge, België. Ons arriveer eers by ons hotel waarna ons die skatlike ou stadjie op ons eie kan gaan verken. Met sy Middeleeuse karakter, kanale, spitsdakhuisies en selfs nog perdekarre op die markplein, bied Brugge meer as genoeg om ons besig te hou!
Geniet gerus die beroemde kant, Belgiese wafels en aarbeie op die markplein. Elke toerlid kry ‘n aandetesubsidie van €20.

DAG 10

Na ‘n heerlike ontbyt en rustige oggend, geniet ons nog vrye tyd in Brugge.
Later ry ons na die ou Nederlandse stad, Delft, bekend vir sy blou porseleinkuns en pragtige kanale. Hier het ons groep heerlike vrye tyd, voordat ons laatmiddag na ons hotel in Leiden se stadsentrum vertrek. Elke toerlid kry €20 subsidie vir aandete.





DAG 11

Vandag wag ‘n besondere dag op ons: Ons besoek die dorpie Gouda – op markdag!
Laatmiddag keer ons terug na Leiden. Vanaand, op ons laaste aand, eet ons groep ‘n heerlike aandete gesellig saam in ons hotel.

DAG 12

Ons groep ry vroeg reeds na die wonderlikste tuin in Europa, Keukenhof, met sy sewe miljoen tulpe. Dit is ‘n aangrypende belewenis om vroegoggend in die tuin rond te wandel – hierdie oggend word deur baie toerlede as die hoogtepunt van ons toer beleef.

Ons ry vanmiddag na Schiphol Lughawe vir ons aandvlug terug na Johannesburg.



DAG 13

Nou, aan die einde van hierdie wonderlike toer na Europa – Hoogtepunte van Europatoer, sal jy weet: verryk en met blywende herinneringe vir altyd.

WINSKOOPTOERE

Droom. Leef. Reis

Ons sien daarna uit om hierdie besondere reis saam met jou te beleef.

Ems +27 83 637 1542	**Ilzé** +27 83 637 1642	**E-pos** droom@winskooptoere.co.za